higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

(8021023)

27 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

364Q1N2327

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A tot AFDELING C.
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Opleiding of terapie wat aan oortreders voorsien word om hulle te help om tot ’n nuttige lewe terug te keer, verwys na:

A Fenomeen
B Rehabilitasie
C Ondersteuning
D Al die bogenoemde

1.2 Inligting wat korrek opgeteken word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

A Akkuraat
B Feitelik
C Objektief
D Al die bogenoemde

1.3 Volgens die Nasionale Besering- en Sterftemoniteringstelsel, dui ’n profiel van noodlottige beserings in Suid-Afrika aan dat ...

A 40 000 onnatuurlike sterftes jaarliks in Suid-Afrika plaasvind.
B 50 000 onnatuurlike sterftes jaarliks in Suid-Afrika plaasvind.
C 60 000 onnatuurlike sterftes jaarliks in Suid-Afrika plaasvind.
D Nie een van die bostaande nie.

1.4 Woede word dikwels ervaar deur ...

A Primêre en sekondêre misdaadslagoffers
B Sekondêre en tersiêre misdaadslagoffers
C Primêre en tersiêre misdaadslagoffers
D Nie een van die bostaande nie.

1.5 Gesondheidsverwante probleme weens misdadige viktimisering kan ’n verreikende impak op misdaadslagoffers hê, wat ... tot gevolg het.

A hoë mediese koste
B onvermoë om vir lang tydperke te werk
C afhanklikheid van gesinslede vir fisieke sorg en hulp
D Al die bogenoemde

(5 × 1) (5)

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kriminologie; skoolrapporte; kriminoloog; viktimoloë; misdaad; slagoffers; viktimisering; lewenstyl; bestuur; geldige dokumente

2.1 Die wetenskaplike studie van misdaad en ... is ’n betreklik nuwe studieterrein wat ontwikkel en gegroei het om ’n erkende professie te word.

2.2 Dokumente soos ..., misdaadrekords (‘criminal records’) en sielkundiges se evaluerings kan ook as waardevolle bron van inligting dien.

2.3 ’n ... kan ’n onderhoud met ’n oortreder voer wat aan die pleging van ’n misdaad skuldig bevind word.

2.4 KRIMSA het ’n gedragskode vir kriminoloë en ... opgestel.

2.5 ... beïnvloed Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling regstreeks en onregstreeks.

2.6 ..., veral van geweldsmisdade, is dikwels weens hul beserings nie in staat om te werk nie.

2.7 Volgens die slagofferpresipitasie-teorie kan sommige mense aktief of passief tot hul eie ... bydra.

2.8 Die ... en blootstellingsmodel is deur Michael Hindelang, Michael Gottfredson en James Garofalo ontwikkel.

2.9 Die proses van implementering, uitvoering en regulering staan bekend as … .

2.10 Kriminoloë behoort slegs van betroubare en ... as ’n bron van inligting gebruik te maak.

(10 × 1) (10)

VRAAG 3

Kies ’n woord uit KOLOM A om by ’n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Misdaadslagoffers	A	bestudeer die geregtelike proses en probeer dit verduidelik deur te verken waarom sommige tipes gedrag as misdadig beskou word en andere nie.
3.2	Beste praktyke	B	’n persoon wat die impak van misdaad op misdaadslagoffers bestudeer
3.3	Misdaad	C	kan uit ’n geregtelike of nie-geregtelike perspektief omskryf word
3.4	Viktimoloë	D	nuwe idees of lesse geleer oor effektiewe programaktiwiteite wat op ’n spesifieke terrein ontwikkel en in werking gestel word en wat positiewe uitkomste oplewer
3.5	Kriminoloë	E	ervaar sielkundige trauma omdat hulle nie die oorweldigende emosionele skok wat met viktimisering verband hou, kan hanteer nie

(5 × 1) (5)

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Sekere tipes gedrag in ’n land word deur ’n land se burgers en staat as onaanvaarbaar en ongewens beskou.

4.2 Die doel van ’n ondervraging is om inligting te bekom wat ’n verdagte vrylik wil oordra.

4.3 Die manier waarop inligting opgeteken of aangebied word, sal die navorsing of verslag se doeltreffendheid bepaal.

4.4 Slagoffers van geweldsmisdade benodig dikwels langtermyn- of selfs permanente mediese behandeling weens die beserings wat hulle opgedoen het.

4.5 Die implikasies van misdaad vir ons ekonomiese groei is verreikend.

4.6 Misdadige faktore is faktore in ’n persoon se lewe wat daartoe bydra dat hulle gevaar loop om misdaadviktimisasie te ervaar.

4.7 Misdaad- en forensiese sielkundiges werk op die terreine van misdaad en die reg.

4.8 ’n Kriminoloog behoort vir verslagdoeleindes afskrifte te hou van alle inligting wat hulle insamel.

4.9 Misdaad kan omskryf word as die kragtige of dramatiese effek of invloed wat iets of iemand op ’n persoon het.

4.10 Maatskappye is afhanklik van hul werknemers om die produkte te vervaardig wat hulle verkoop of ’n diens aan hul kliënte te lewer.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem die omgewingsfaktore wat tot slagofferkwesbaarheid bydra. (5)

5.2 verduidelik die invloed van tegnologie op die optekening van misdaad. (5)

5.3 Verduidelik die faktore wat tot die kwesbaarheid van bejaardes bydra. (5)

5.4 Verduidelik die invloed van die persepsie van manlike verkragting op die aanmelding van misdade. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

VEROORDEELDE MOORDENAAR NOMIA NDLOVU KEER TERUG NA HOF OOR KOMPLOT OM POLISIEKOLLEGAS DOOD TE MAAK

Ndlovu is ses keer lewenslange gevangenisstraf opgelê omdat sy die moorde op haar familielede beplan het om versekeringsgeld te bekom. Die voormalige polisievrou staan nou op twee nuwe aanklagte tereg. Nomia Ndlovu in die Palm Ridge Landdroshof op 22 Oktober 2021. Foto: Xanderleigh Dookey Makhaza/Eyewitness News.

JOHANNESBURG – Veroordeelde reeksmoordenaar Rosemary Ndlovu word op Dinsdagoggend terugverwag in die Kempton Park Landdroshof, waar sy op aanklagte verskyn rakende ’n komplot om haar polisiekollegas dood te maak. Die saak teen die voormalige polisiebeampte is verlede week uitgestel nadat ’n lasbrief vir inhegtenisneming vir haar medebeskuldigdes uitgereik is.

Ndlovu is ses keer lewenslange gevangenisstraf opgelê omdat sy die moorde op haar familielede beplan het om versekeringsgeld te bekom. Die voormalige polisievrou staan nou op twee nuwe aanklagte tereg. Ndlovu word nou daarvan beskuldig dat sy saamgesweer het om die mans te laat vermoor wat verantwoordelik was vir haar inhegtenisneming, naamlik sersant Keshi Mabunda en kolonel Nthipe Boloka, haar stasiebevelvoerder by die Tembisa-polisiekantoor waar sy as ’n konstabel gewerk het.

Tydens die verhoor waar Ndlovu vir die moorde op haar familielede skuldig bevind is, het die hof gehoor dat sy, ná haar inhegtenisneming in 2018, ’n plan beraam het om Mabunda uit haar tronksel te laat doodmaak. Intussen is daar ’n tweede saak teen haar aanhangig gemaak wat verband hou met haar beweerde betrokkenheid by die sameswering om haar voormalige kollega se eggenoot, Justice Mudau, dood te maak.

Die hof het uitstel in daardie saak verleen omdat Ndlovu se medebeskuldigde, Nomsa Mudau, op daardie tydstip hoogswanger was. ’n Lasbrief vir inhegtenisneming is vir ’n derde beskuldigde uitgereik.

[Vertaal uit: Masechaba Sefularo, *Eyewitness News* 31 Mei 2022]

6.1 Vir hoe lank is Nomia Ndlovu geangenisstraf opgelê vir die moord op haar familielede? (1)

6.2 Om watter rede het sy haar familielede doodgemaak? (1)

6.3 Na watter hof sal Ndlovu terugkeer? (1)

6.4 Wat is die aanklag teen Ndlovu? (1)

6.5 Wat is die nuwe aanklag teen haar? (1)

6.6 Wie was haar teikens? (2)

6.7 Wanneer is Ndlovu in hegtenis geneem? (1)

Kopiereg voorbehou

6.8 Wat was Ndlovu se rang? (1)

6.9 Wat is die naam van die polisiekantoor waar sy gestasioneer was? (1)

6.10 Bespreek maniere waarop die effektiwiteit van ’n misdaadvoorkomingsprogram gemeet kan word. (10)

6.11 Wat is die skakel tussen viktimisering en wraak? (10)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Onderskei tussen die modelle, programme en strategieë wat misdaad en viktimisering verminder en voorkom deur voorbeelde te gee. (20)

OF

VRAAG 8

8.1 Sit die verhouding tussen *maatskaplike werk* en *kriminologie* uiteen. (10)

8.2 Verduidelik hoe kriminologie verantwoordelike bestuur kan beïnvloed. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou